Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za

Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 1: Nommer 10 – 20 Maart 2025

## AKADEMIE

### WÊRELD WISKUNDE DAG




Lynnies vier Wêreld Wiskundedag op 13 Maart. Hier by Lynnies is ons MAL oor Wiskunde, want Wiskunde leer ons dat jou foute 'n bewys is dat jy probeer! Daarom het ons die geleentheid gebruik om leerders binne en buite die klaskamer LIEF te maak vir Wiskunde! Ons het elke fase opgedeel en kreatiewe Wiskunde aktiwiteite op elke fase se vlak laat doen in hulle Wiskunde periodes. Dit was vir ons belangrik dat die leerders na die Wêreld Wiskundedag opgewonde huistoe gaan na 'n lekker dag!














## SKEPPENDE KUNSTE

Die graad 7-leerders het hard gewerk in skeppende kunste hierdie kwartaal. Hulle het 'n stillewe geskep uit verskillende mediums en voorwerpe uit 'Air drying' klei. Die leerders was baie trots op hul kleikunswerk.






# KULTUUR

## REDENAARS

**Die volgende redenaarskompetisie datums vir u gerief.**

**<u>Kansvatters</u>**
**Skakel:** https://petrusjacobslive.co.za/kansvatter/
**Individue:**
1. Sluitingsdatums vir inskrywings:  17 April 2025

**Spanne:**
2. Sluitingsdatums vir inskrywings:  16 Mei 2025

**<u>OppieTongAf</u>**
**Skakel: https://oppietongaf.co.za/**
**Individue:**
1. Sluitingsdatum vir inskrywings: 16 Mei 2025

**Spanne:**
2. Sluitingsdatum vir inskrywings: 27 Junie 2025

**<u>Radikale Redenaars</u>**
**Skakel:**
**https://sites.google.com/view/radikaleredenaar/afrikaans**
**Individue en Spanne:**
1. Sluitingsdatum vir inskrywings: 9 Mei 2025

**<u>Redenaargedagte vir die week:</u>**
*"Education is the most powerful weapon which you can use to change the word!"* – Nelson Mandela

# OUERLEIDING



## Om te kan toer

Die kort April vakansie word gekenmerk deur sporttoere en wedstryde van die Noorde tot die Suide van ons pragtige land. Die waarde, voordele en belangrike lewenslesse wat dit vir ons kinders inhou is legio.

Toere leer ons kinders die waarde van verantwoordelikheid neem, selfdissipline, besluitneming en probleemoplossing. Vir baie kinders is dit die eerste belewenis van reis per vliegtuig of toerbus sonder die vangnet van ouers. Dit verg dus funksionering buite die gemaksone vir die meeste van ons kinders.

Om jou kind op toer te laat gaan verg ook baie geloof en vertroue van 'n ouer. Dit opsigself is nie altyd maklik nie en 'n ouerhart moet braaf wees.

Dis egter die eerste tree wat geneem moet word om jou kind toe te laat om hierdie lewenslesse self te ervaar.

Dis egter belangrik om as ouer self by die reëls te hou. As 'n organiseerder versoek dat geen selfone toelaatbaar is nie – is dit die reël vir almal.
Lees inligtingsbriewe noukeurig deur.
Hou by sperdatums ten opsigte van betalings of tref betyds reëlings.
Voorsien jou kind se sportorganiseerder met inligting oor allergieë en medikasie.
Merk jou kind se besittings duidelik.
Maak jou kind van die begin af deel van die beplanningsproses.

Gaan saam met jou kind deur die benodigdhede lysie. Neem jou kind saam winkels toe wanneer aankope gedoen word vir die toer.
Gee jou kind die verantwoordelikheid om goed bymekaar te kry vir die toer soos byvoorbeeld kussing, slaapsak en badkamersakkie.

Moenie jou kind se tas self pak nie. Maak seker alles is bymekaar vir die toer, maar laat jou kind self inpak – gee deurentyd net leiding. Dit veroorsaak onnodig angs by 'n kind as hulle op toer iets nie kan vind nie. Dit berei kinders baie goed voor vir toekomstige toere in die Hoërskool.

Gesels ernstig met jou kind oor netheid, respek en dissipline. Daar is gewoonlik baie kinders wat saam in een vertrek moet slaap en besittings kan gou deurmekaar raak.

Dis belangrik dat kinders die waarde besef van hul besittings. Na 'n toer is daar hope verlore goedere wat agterbly.

Gee leiding oor jou kind se snoepiebegroting- jou kind moet leer om ook te kan beplan om nie op dag een al sy geld te spandeer nie. (Ons afrigters help wel die jonger grade hiermee) Vertrou jou kind se afrigter en sportorganiseerder.

Toere skep inderdaad lewenslange herinneringe. Dankie aan elke ouer se ondersteuning en opoffering om dit moontlik te maak.

## Wat gebeur volgende . . .






## DAGBESTUUR

Die Dagbestuur wens die hoof van Laspossie kleuterskool geluk met haar verjaarsdag.



Ons sê baie dankie aan Maryna Stevenson en Leonie du Preez wat ons graad 7-leiergroepe hierdie kwartaal geïnspireer het.




Skakel vir meer inligting van Maryna Stevenson: [https://g.co/kgs/T8LD61c](https://g.co/kgs/T8LD61c)




Skakel vir meer inligting van Leonie du Preez: [https://grolife.co.za/](https://grolife.co.za/)

## LYNNIES BIDGROEP




**BID VIR LYNNIES**

**Woensdae 07:25 voor die hoofhek.**

**Kontak Anlia 082 927 1020**

**om deel te word van die WhatsApp groep.**

**Onthou meneer Steve sokkiedag, beplan nou al jou sokkie idee.**




## SKOOLKWARTALE EN VAKANSIEDAE

**2025**

**Kwartaal 1**:
Vrydag, 21 Maart: Menseregtedag (Publieke vakansiedag)
Skool sluit op Vrydag, 28 Maart.

**Kwartaal 2**: **8 April tot 27 Junie**
Vrydag, 18 April: Goeie Vrydag (Publieke vakansiedag)
Maandag, 21 April: Familiedag (Publieke vakansiedag)
Maandag, 28 April: Vryheidsdag (Publieke vakansiedag)
Dinsdag, 29 April (Skoolvakansiedag)
Woensdag, 30 April (Skoolvakansiedag)
Donderdag, 1 Mei: Werkersdag (Publieke vakansiedag)
Vrydag, 2 Mei:( Skoolvakansiedag)

**Kwartaal 3**: **22 Julie tot 3 Oktober**

**Kwartaal 4**: **13 Oktober tot 10 Desember**

## KOMPETISIE: ONTWERP-JOU-SOKKIE




## KOPLUISE



Kopluise is iets wat elke mens kan tref en dit is veral by die skool dat kinders met dié gediertes in aanraking kom.

Kopluise is ook in ons skool waargeneem en daarom vra ons dat u asseblief u kind se hare sal deursoek. In skole versprei kopluise maklik van een kind na 'n ander omdat hulle na aanmekaar sit.

'n Kind met hierdie infestasie word deur die Nasionale Gesondheidswet, 2003 (Artikel 61 van 2003), van skoolbesoek uitgesluit.

'n Ouer/voog moet die betrokke kind se hare so gou moontlik behandel alvorens hy/sy weer by die skool toegelaat word. By apteke is middels ter bestryding van kopluise verkrygbaar. Ons maak staat op u samewerking in hierdie verband.

## PERSONEELVERJAARSDAE

**MAART**

| | |
|---|---|
| 23 | Andries Skosana (alg. ass) |
| 25 | Abigail Küsel (o/w ass) |
| 26 | Marina Steyn (o/w) |
| 28 | Charmara Steyn (o/w) |

**APRIL**

| | |
|---|---|
| 5 | Nadia Mienie (o/w) |
| 7 | Liezl Pretorius (pre-prim) |
| 12 | Annelle Cooper (o/w) |
| 16 | Melissa Kotze (o/w) |
| 17 | Edwin de Waal (intersenfase ass) |
| 20 | Izer Sikhota (naskool) |
| 24 | Tanya Steyn (pre-prim) |
| 25 | Thamson Rapanyane (hekkonntrole ass) + Zané Wiltz (o/w ass) |
| 26 | Chantelle Mattheus (pre-prim ass) |
| 27 | Doré Jordaan (naskool) |
| 29 | Jean van Loggerenberg (o/w) |
| 30 | Amanda J van Rensburg (naskool) + Chanelda Stolk (pre-prim) |



**Steve Stolk**
**UITVOERENDE HOOF**


BENOEMING
BESTE AKTEUR
AARDKLOP NASIONALE KUNSTEFEES
BENOEMING
BESTE ONDERSTEUNENDE AKTEUR
AARDKLOP NASIONALE KUNSTEFEES
Forte
JACQUES
ADRIAANSE
RIKA
SENNET
22 & 23 MAART
FAIRTREE ATTERBURY TEATER
seatme
KAARTJIES BESKIKBAAR BY WWW.SEATME.CO.ZA
aardklop
FAIRTREE ATTERBURY TEATER
innibos


Karate Gr. R – 7
Kontak Ian:
074 146 2175
Eerste klas gratis
Hoekom karate?
Voordele
Selfverdediging
Anti-Boelie
Selfvertroue
Liggaam kondisionering
IKO KYOKUSHINKAIKAN
EST
1981
PRETORIA
75 Totius Straat, Groenkloof,
Pretoria Rugby Club


COMPENSATION FUND ASSISTANCE
Getting the job done
1 APRIL 30 JUNE
DO YOU HAVE A VALID LETTER OF GOOD STANDING FOR YOUR DOMESTIC WORKER?
3 STEPS TO COMPLIANCE:
1. Register as an employer
2. Submit annual Return of Earnings
3. Get Letter of Good Standing
New assessment year starts on 01 April 2025.
Ensure you are compliant now and avoid penalties.
PROTECT YOURSELF AND YOUR DOMESTIC WORKER NOW!
CONTACT INFORMATION:
NEDINE ERASMUS & MARIAAN OBERHOLZER
012 004 0579
admin@cfassist.co.za
www.compensationfundassistance.co.za


DIADORA AQUATICS
EST.1997
ADULT LESSONS:
— COSTS —
Payable in advance
CATEGORY 1 &2: R1500 (7 LESSONS)
No admin fees applicable!
— CATEGORY 1—
ALL ADULTS
1. Learn-to-Swim
2. Stroke Correction
3. Prepare for your first Midmar Mile
— CATEGORY 2—
CABIN CREW STUDENTS, AUPAIRS, GARDENERS, DOMESTIC WORKERS, NANNIES
1. Basic Freestyle
2. Water treading (3 min)
3. 5m underwater swim
4. Object retrieval, 1.8m depth
5. Stradle jump
6. Basic Survival stroke and lifesaving techniques
OPTIONAL EXTRA:
NSRI, SANBS APPROVED
TORPEDO BUOY VALUED @ R600
kariendiadora@gmail.com
roeleneuysl@gmail.com
Karien,
083-305-7746
or Coach
Roelene,
067-378-5228
DIADORA AQUATICS
RED TORPEDO BUOY
National Sea Rescue Institute of South Africa
NATIONAL SEA RESCUE INSTITUTE